# Afrikaans

## WEEK 7
## DINSDAG


## Graad 5

Bron: Via Afrika

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# IDIOME: Pas die idioom uit die raampie by die regte betekenis. Leer dan die idiome.

Een voël in die hand is beter as tien in die lug; 'n Ou voël met kaf probeer vang; Ons het 'n voëltjie hoor fluit



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

1 Ons het so iets gehoor.
2 'n Kenner probeer kul.
3 Dis beter om tevrede te wees met 'n bietjie waarvan jy seker is, as om baie waarvan jy onseker is in die hande te probeer kry.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# <u>LEES</u>: Bestudeer die sketse van die storie voordat jy dit lees.

LAERSKOOL MIKRO





1) Waaroor dink jy gaan die leesstuk?

2) As jy na die sketse kyk wat dink jy beteken die woord kabouter?

3) As jy moet voorspel, waaroor dink jy gaan die storie?

4) Hoekom dink jy is die heks in die tronk?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# LEES NOU DIE STORIE:

## Kabouterland

Lank, lank gelede was daar veertien **kabouters** wat in Kabouterland in vier klein huisies langs mekaar gebly het. Hulle huisies was vol kaboutergoed.

Eendag het die kabouters blommetjies geverf. Die nare **heks** wou die blommetjies steel om haar eie tuin mooi te maak. Toe vang hulle die heks en vat haar na die **koning** kabouter. Hy was **woedend**. Hy sê toe: "**Smyt** hierdie lelike heks dadelik in die **tronk**!"

Die veertien kabouters gooi die heks toe in 'n donker **put**. Daarna breek hulle haar huis af en plant die tuin vol van die blommetjies wat hulle geverf het. Die heks het uit die tronk probeer kom, maar die koning het haar daar gehou.

Na 'n baie lang tyd kom sy toe uit die tronk. Toe sy haar huis gaan soek, het die kabouters haar gegryp en in 'n diep, diep, donker put gegooi. Sy het gegil en geskreeu, maar sy kon hulle nie meer pla nie. Die kabouters het nog blomme geverf: pienk, pers, geel, rooi en al die kleure van die **reënboog**.

Hulle het vir ewig en altyd gelukkig in hulle huisies gebly.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Beantwoord die volgende vrae oor die leesstuk skriftelik.

Beantwoord die volgende vrae oor die leesstuk mondeling of skriftelik:

1 Hoeveel kabouters het in Kabouterland gebly?
2 Wat het hulle geverf?
3 Hoekom was die koning kabouter woedend?
4 Wat was die heks se straf?
5 Wat het die kabouters gedoen nadat die heks in die tronk gegooi is?
6 Wat het die kabouters gedoen toe die heks uit die tronk kom?
7 Hoekom het hulle vir ewig en altyd gelukkig in hul huisies gebly?

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

# ANTWOORDE:


1. Veertien
2. Blommetjies
3. Die heks wou hulle blommetjies steel.
4. Hulle het haar in die tronk gegooi.
5. Hulle het haar huis afgebreek en blomme in haar tuin geplant.
6. Hulle het haar gegryp en in 'n diep, donker put gegooi.
7. Die heks kon hulle nie meer pla nie.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# TAALLEER: Verkleinwoorde

## Verkleinwoorde

- Ons sê: 'n Groot fluit, maar 'n klein fluitjie. Wanneer 'n woord op 'n -d of 'n -t eindig, kry dit gewoonlik 'n -jie as agtervoegsel.
- Baie woorde kry 'n -tjie in die verkleiningsvorm, bv. kaboutertjie.
- Wanneer daar 'n lang vokaal in die woord is, val die een vokaal weg in die verkleiningsvorm en -ie word aan die einde bygevoeg, bv. reënboog – reënbogie.
- Wanneer woorde kort vokale het en op 'n konsonant eindig, verdubbel ons die konsonant en voeg -ie by, bv. tak – takkie.
- Wanneer 'n woord op 'n -i, -o, -u of 'n beklemtoonde -a eindig, skryf ons die verkleinwoord met -'tjie, bv. radio'tjie.
- Daar is verskeie agtervoegsels wat gebruik word om verkleinwoorde te vorm:




| -tjie | -jie | -ie | -pie | -kie | -etjie | -'tjie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| kabouter –kabou-tertjie | bord – bordjie | huis – huisie | arm– armpie | koning – koninkie | tang – tangetjie | radio – radio'tjie |

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Skryf die verkleinwoorde van die volgende neer.

1) tronk
2) pot
3) stoeltjie
4) ring
5) besem
6) piesang
7) oog



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1) tronkie
- 2) potjie
- 3) stoeltjie
- 4) ringetjie
- 5) besempie
- 6) piesankie
- 7) ogie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# SKRYF: Identifiseer die volgorde van die gebeure.

**Die sinne van die storie het deurmekaar geraak. Rangskik die sinne in die volgorde waarin die gebeure plaasgevind het.**


- Die koning sê toe: "Smyt hierdie lelike heks dadelik in die tronk!"
- Die kabouters het haar in 'n donker put gegooi.

- Eendag het die kabouters blommetjies geverf.
- Hulle het vir ewig en altyd gelukkig in hul huisies gebly.
- Die nare heks wou die blommetjies steel.
- Ná 'n baie lang tyd kom sy toe uit die tronk.
- Sy kon hulle nie meer pla nie.
- Toe vang hulle die heks.
- Hulle breek toe die heks se huis af.
- Die heks wou die blommetjies steel.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- Eendag het die kabouters blommetjies geverf.
- Die heks wou die blommetjies steel.
- Toe vang hulle die heks.
- Die koning sê toe: “Smyt hierdie lelike heks dadelik in die tronk!”
- Hulle breek toe die heks se huis af.
- Ná ’n baie lang tyd, kom sy toe uit die tronk.
- Die kabouters het haar in ’n donker put gegooi.
- Sy kon hulle nie meer pla nie.
- Hulle het vir ewig en altyd gelukkig in hul huisies gebly.



Laerskool Mikro Kopiereg ©